

GRAAD 4 NOVEMBER 2015

Vraag 1

1.1 Noem die eerste vyf veelvoude van 8

8; 16; 24; 32; 40

1.2 Noem al die faktore van 24

1; 2; 3; 4; 6; 8; 12; 24

1.3 Omkring al die priemgetalle

7 9 **13** 15 **19** 21 27 **29**

1.4 Wat is die kleinste onewe getal wat jy met die getalle in die blokkie kan maak?

9672

2 679

1.5 Rangskik die getalle in stygende orde:

8 098; 8 989; 8 909; 8 980; 8 099

8 098; 8 099; 8 909; 8 980; 8 989

1.6 Wat is die waarde van die onewe getal in 4 728 **700**

1.7 Wat is die plekwaarde van die ewe getal in 2 375 **D (duisende)**

Vraag 2

Vul in >; < of =

2.1 $\frac{1}{5} < \frac{1}{3}$

2.2 $4\ 000 > 3\ 099 + 1$

2.3 $80 + 2\ 000 + 7 + 300 < 2\ 837$

2.4 $3 \times 2 \times 4 = 2 \times 4 \times 3$

2.5 $\frac{2}{3}$ van 33 $>$ $\frac{4}{5}$ van 25

Vraag 3

Rond die volgende getalle af:

- 3.1 6 476 tot die naaste 10 **6 480**
- 3.2 4 399 tot die naaste 1000 **4 000**
- 3.3 2 072 tot die naaste 100 **2 100**
- 3.4 $6\frac{1}{2}$ kg tot die naaste kg **7 kg**
- 3.4 5 478 mm tot die naaste m **5 m**

Vraag 4

4.1 Voltooi die volgende

4.1.1 2 629; 2 729; 2 829; **2 929; 3 029; 3 129**


4.1.2 37; **34; 31**; 28; 25; **22**; 19; 16

4.1.3 2; 4; 8; 16; **32; 64; 128**

4.1.4 $9\frac{3}{5}$; $9\frac{2}{5}$; $9\frac{1}{5}$; **9; $8\frac{4}{5}$; $8\frac{3}{5}$**

4.1.5 $6\frac{1}{3}$; $6\frac{2}{3}$; **7; $7\frac{1}{3}$; $7\frac{2}{3}$; 8**

4.2 Voltooi die vloeiagram deur die regte waardes vir die ontbrekende getalle te bereken :




4.2.1 **3**

4.2.2 **5**

4.2.3 **57 ($8 \times 8 - 7$)**

4.3 Vuurhoutjies word gebruik om vierkante te vorm.



1 vierkant



2 vierkante



3 vierkante

Voltooi nou die tabel:

Aantal vierkante	1	2	3	4	11
Aantal vuurhoutjies	4	7	10	13	34

Vraag 5

5.1 Skryf die volgende tye in internasionala tyd (24 uur horlosie)

5.1.1 7 minute oor 7, nm **19:07**

5.1.2 20 minute voor 5, vm **04:40**

5.2 Skryf die volgende tye volgens die ananloog horlosie (12-uur tyd)

5.2.1 21:15 **kwart oor 9, nm**

5.2.2 16:50 **10 voor 5, nm**

5.3 Hoeveel tyd verloop van 09:35 tot 15:20? **5 ure 45 minute**

09:35 – 14:35 → 5 ure

14:35 – 15:00 → 25 minute

15:00 = 15:20 → 20 minute

Vraag 6

Voltooi die volgende:

6.1 $6\frac{1}{2}$ m = **650** cm

6.2 300 g + **550** g + 150 g = 1 kg

6.3 680 m = **0,680** km


$$6.4 \quad \frac{1}{2} \text{ m} + 4 \text{ m} = 4500 \text{ mm}$$

$$6.5 \quad 2 \frac{3}{4} \text{ l} = 2750 \text{ ml}$$

$$6.6 \quad 8,4 \text{ kg} = 8 \text{ kg } 400 \text{ g}$$

Vraag 7



7.1 Kyk na die onderstaande en beantwoord die vrae:



7.1.1 Wat is die naam van hierdie vorm? **Aghoek/oktagoon**


7.1.2 Hoeveel simmetrielyne kan jy op hierdie vorm trek? **8**

7.2 Voltooi die volgende tabel:

Geometriese vorm	Naam	Aantal vlakke
	silinder	3
	driehoekige prisma	5


Vraag 8

8.1 Kyk na die onderstaande figuur:




8.1.1 As een blokkie = 1 cm, gee die omtrek van hierdie figuur **20 cm**

8.2 Die onderstaande figuur stel'n vertrek voor wat met teëls bedek is.



8.2.1 As elke teël 2 m² is, wat is die oppervlakte van die vertrek? **24 m²**

8.3 Gee die volume van die onderstaande figuur in aantal kubieke blokkies.



Volume = **48 kubieke blokkies**

Vraag 9

Bereken en wys al jou bewerkings

Metode soos voorgeskryf deur die skool

9.1 $634 + 2\,589 + 3\,014$

Antwoord = 6 237

9.2 $5\,206 - 1\,478$

Antwoord = 3 728

9.3 Bepaal die produk van 73 en 26

Antwoord = 1 898

9.4 $378 \div 9$

Antwoord = 42

Vraag 10

Die beantwoording van 'n woordprobleem verskil van skool tot skool. Oor die algemeen moet daar 'n getallesin, bewerking en antwoord wees. Hier word egter net die getallesin en antwoord verskaf

10.1 Oom Koos het 145 kg tamaties. Hoeveel sakkies kan hy volmaak as hy die tamaties in sakkies van 5 kg elk verpak?

$$\begin{aligned} \text{Aantal sakkies} &= 145 \text{ kg} \div 5 \\ &= 29 \end{aligned}$$

29 sakkies

10.2 Mamma koop 2 meter lint. As sy 4 stukke afsny wat elkeen 400mm lank is, hoeveel van die lint bly oor?

$$\begin{aligned} \text{Lengte van lint} &= 2\,000 \text{ mm} - (400 \text{ mm} \times 4) \\ &= 2\,000 \text{ mm} - 1\,600 \text{ mm} \\ &= 400 \text{ mm} \end{aligned}$$

400 mm lint bly oor

- 10.3 Danie drink $\frac{3}{4}$ van 'n **halwe liter** koeldrank op. Hoeveel milliliter koeldrank het hy gedrink?

$$\begin{aligned}\text{Aantal milliliter} &= \frac{3}{4} \text{ van } 500 \text{ ml} \\ &= 500 \text{ ml} \div 4 \times 3 \\ &= 125 \text{ ml} \times 3 \\ &= 375 \text{ ml}\end{aligned}$$

- 10.4 Marie se pa wil 'n nuwe televisie koop. Hy het reeds R2 769 gespaar. Wat kos die televisie indien hy nog R3 578 moet spaar voor hy die televisie kan koop?

$$\begin{aligned}\text{Bedrag} &= \text{R2 769} + \text{R3 578} \\ &= \text{R6 347}\end{aligned}$$

- 10.5 'n Boer het 5 lemoene vir elke 3 naartjies. Indien die boer 210 naartjies het, hoeveel lemoene het hy?

Verhouding lemoene tot naartjies: 5:3

$$\begin{aligned}\text{Aantal lemoene} &= 210 \div 3 \times 5 \\ &= 70 \times 5 \\ &= 350\end{aligned}$$

350 lemoene

- 10.6 Ben is 850 mm lank. Sy maat is 1,1 m lank. Hoeveel langer is sy maat?

$$\begin{aligned}\text{Verskil in lengte} &= 1\,100 \text{ mm} - 850 \text{ mm} \\ &= 250 \text{ mm}\end{aligned}$$

- 10.7 Anni se tas weeg 2,8 kg.

a) Hoeveel gram is dit meer as 2 kg? 800 g

b) Hoeveel kilogram is dit minder as 3 kg? 0,2 kg

- 10.8 $\frac{2}{7}$ van die kinders in Christoff se klas neem aan atletiek deel. Hoeveel van die 35 kinders in sy klas neem nie aan atletiek deel nie?

$$\text{Breuk wat nie aan atletiek deelneem nie} = \frac{7}{7} - \frac{2}{7} = \frac{5}{7}$$

$$\begin{aligned}\text{Aantal kinders} &= \frac{5}{7} \text{ van } 35 \\ &= 35 \div 7 \times 5 \\ &= 5 \times 5 \\ &= 25\end{aligned}$$

25 kinders

10.9 Ek het 7 kg meel. Hoeveel pakkies van 250 g elk kan ek daaruit maak?

$$\text{Aantal pakkies} = 4 \times 7 \text{ (daar is 4 x 250 g in 1 kg)}$$

$$= 28 \text{ pakkies}$$

Of

$$\text{Aantal pakkies} = 7000 \text{ g} \div 250 \text{ g}$$

$$= 28 \text{ pakkies}$$

10.10 Frieda begin 10:35 klavier oefen. Sy hou eers 13:15 op met speel. Hoe lank het sy geoefen?

$$10:35 - 12:35 \longrightarrow 2 \text{ ure}$$

$$12:35 - 13:00 \longrightarrow 25 \text{ minute}$$

$$13:00 - 13:15 \longrightarrow 15 \text{ minute}$$

$$2 \text{ ure} + 25 \text{ minute} + 15 \text{ minute} = 2 \text{ ure } 40 \text{ minute}$$